## PROVINSIALE KENNISGEWING 67 VAN 2017

**VENTERSDORP/TLOKWE-PLAASLIKE MUNISIPALITEIT**
**NW 405**

## KENNISGEWING VIR INSPEKSIE VAN DIE TLOKWE 2016 / 2017 AANVULLENDE WAARDERINGSLYS EN INDIENING VAN BESWARE DAARTEEN

Kennis geskied hiermee ingevolge artikel 49(1)(a)(i) saamgelees met artikel 78(2) van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Eiendomsbelasting, 2004 (Wet 6 van 2004), hierna verwys as die "Wet", dat die aanvullende waardasierol van die eertydse Tlokwe Staatsraad se regsgebied vir die finansiële jaar 2016/2017, **vanaf 7 April 2017 tot 19 Mei 2017**, oop lê vir inspeksie by: die Inkomste afdeling Belasting Saal- Dan Tloome Kompleks Potchefstroom .

'n Uitnodiging word hiermee aan elke eienaar of ander persoon gerig om in terme van artikel 49(1)(a)(ii), saamgelees met artikel 78(2) van die Wet, indien so begerig, beswaar te maak by die Munisipale Bestuurder in belang van of enige ander saak opgeteken of weggelaat in die aanvullende waarderingslys, binne bogemelde tydperk.

Aandag word spesifiek daarop gevestig dat ingevolge artikel 50(2) van die Wet, 'n beswaar slegs betrekking moet hê op 'n **spesifieke individuele eiendom wat se inskrywing verander het gedurende die tydperk of soos getoon in die aanvullende waarderingslys**.

Die vorm vir die indiening van 'n beswaar kan by die volgende adres verkry word naamlik: **Inkomste/ Belastingsaal Dan Tloome Kompleks** op die hoek van **Wolmaransstraat en Sol Plaatjie laan. Die voltooide vorms, moet voor of op 19 Mei 2017 by die bogemelde adres ingedien word of gepos word aan : Die Munisipale Bestuurder, Dan Tloome Kompleks, Posbus 113, Potchefstroom, 2520.**

Vir verdere navrae en om u waarde te verifieer, skakel: Mev J Richardson: Potchefstroom – 018 2995011.

**DR NE BLAAI-MOKGETHI**
MUNISIPALE BESTUURDER

Kennisgewing No 41/2017